higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

# LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

**NKR VLAK 4**

(7601034)

**17 November 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

012Q1N2017

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of ’n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die Wet op Arbeidsverhoudinge maak voorsiening vir … stakings.

A onwettige
B wettige
C onwetlike
D liberale

1.2 ’n Werknemer se dienskontrak val onder die …

A Wet op Basiese Diensvoorwaardes.
B Kontrakmanifes vir Vakbonde.
C Handves van Verantwoordelikhede en Pligte.
D Wet op Regshulp vir Werkers en Werkgewers.

1.3 Berading help jou om …

A emosionele pyn te onderdruk.
B emosionele pyn te hanteer.
C emosionele pyn te ignoreer.
D emosionele pyn staak.

1.4 Die Covid-19-infeksiesyfer styg teen ’n kommerwekkende tempo, en so ook stres onder burgers. Stres kan beskryf word as …

A episodes van gemoedskommeling.
B wanneer iemand heeltyd diep hartseer voel.
C ’n gevoel van emosionele of fisieke spanning.
D ’n sterk afhanklikheid van ’n middel.

1.5 Die … tree namens die werknemers op.

A vakbondvennoot
B vakbondverteenwoordiger
C vakbondvirtuoos
D vakbondvoorraad

1.6 ’n Goeie … profiel verbeter jou aanstelbaarheid.

A persona
B plan
C persoonlike
D persoonlikheid

Kopiereg voorbehou 

1.7 Veranderinge in leef-… is noodsaaklik vir die bestuur van MIV en VIGS.

A stylvol
B styl
C stil
D simbool

1.8 Die term ‘vergelyk en kontrasteer’ in ’n eksamen beteken om …

A ’n lys voorbeelde te maak.
B iets duidelik te maak deur ’n paragraaf te skryf.
C die komponente te ondersoek.
D beide ooreenkomste en verskille te identifiseer.

1.9 ’n Dieet vir mense wat met MIV leef, moet … bevat.

A voedsame stowwe
B voedselstowwe
C voedingstowwe
D vrugtestowwe

1.10 Suid-Afrikaanse arbeidswette ondersteun ’n … loon.

A Minimum
B maksimum
C maksil
D minimaliseer

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Dit vind plaas wanneer ’n verkose lid bedank, sterf, aftree of afgedank word | A | verkiesingsbeampte |
| 2.2 | Dit is die persentasie stemgeregtigdes wat in ’n verkiesing kan stem | B | tussenverkiesing |
| 2.3 | Behoorlike optrede tydens verkiesings | C | verkiesing |
| 2.4 | Verwys na daardie verkiesings wat nie deur marteling en die manipulering van die media gekenmerk word nie | D | kieseropkoms |
| 2.5 | Mense wat die wetlike reg het om in ’n verkiesing te stem | E | vry en regverdig |
| 2.6 | Lys van persone wat in geregtig is om in ’n stemdistrik te stem | F | stemlokaal |
| 2.7 | Proses waardeur ’n bevolking ’n individu kies om ’n staatsamp te betree | G | kieserslys |
| 2.8 | ’n Plek waarheen mense gaan om in ’n verkiesing te stem | H | kiesers |
| 2.9 | ’n Gepubliseerde verklaring van die voornemens, beweegredes of sieninge van ’n politieke party | I | goeie kiesergedrag |
| 2.10 | Dit is wanneer ’n verkiesing oneerlik georganiseer word om ’n bepaalde uitslag te kry | J | manifes |
| | | K | knoeiery |
| | | L | coup d’état |

(10 × 1) **[10]**

## VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

3.1 ’n Aanlyn werksaansoek is niks werd nie.

3.2 Uitdiensstelling is die vermeerdering van personeel omdat die maatskappy meer wins maak.

3.3 Onwettige dwelms help om stres oor die lang termyn te verlig.

Kopiereg voorbehou 

3.4 Opinies is feite wat bewys kan word.

3.5 Onveilige werkstoestande verminder produktiwiteit.

(5 × 2) **[10]**

**VRAAG 4**

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Die Covid-19-pandemie het baie fopnuus (‘fake news’) en onware inligting veroorsaak. Jy moet jou vaardighede van … gebruik om situasies te ontleed en verstandige reaksies te bied.

4.2 ’n Onregverdige bestempeling en afkeur van mense wat positief vir Covid-19 getoets het, word … genoem.

4.3 Tuberkulose affekteer hoofsaaklik die …

4.4 Opportunistiese infeksies ontwikkel as jou … verswak of beskadig is.

4.5 Die voortdurende, vrywillige en self-gemotiveerde strewe na kennis is …

(5 × 1) **[5]**

**VRAAG 5**

5.1 Wilson sukkel met beroepsgerigte vakke. Hy is gespanne en nie in staat om doeltreffend te studeer nie. Jabu sê dat hy goeie stres nodig het.

5.1.1 Wat verstaan jy onder *slegte stres*? (2)

5.1.2 Verduidelik TWEE maniere waarop slegte stres Wilson se prestasie negatief beïnvloed. (2)

5.1.3 Goeie stres kan Wilson help om beter te presteer.

Skryf TWEE sinne om hierdie stelling te staaf. (2)

5.2 Studievaardighede verbeter prestasie in ’n eksamen.

5.2.1 Gee vir Wilson raad oor TWEE doeltreffende studiemetodes. (2)

5.2.2 Stel TWEE nuttige eksamenskryfvaardighede vir Wilson voor. (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 45**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 6

Bestudeer die spotprent hier onder en beantwoord die vrae.

**SPOTPRENT A**



**SPOTPRENT B**



6.1 Elke dag vind honderde padongelukke regoor Suid-Afrika plaas.

6.1.1 Kyk na SPOTPRENT A.

Identifiseer VIER moontlike oorsake van kop-aan-kop-botsings, soos wat in SPOTPRENT A uitgebeeld word. (4)

6.1.2 Watter DRIE stukke raad sal jy aan die twee bestuurders in SPOTPRENT A gee om te verhoed dat soortgelyke ongelukke in die toekoms gebeur. (3)

6.1.3 Gee DRIE redes waarom baie kinders in padongelukke beland, soos wat in SPOTPRENT B uitgebeeld word. (3)

6.1.4 Beskryf TWEE maniere om te verhoed dat kinders deur motors getref word of doodgemaak word. (2)

6.2 Die gemeenskap in SPOTPRENT B was kwaad vir die bestuurder. Hulle wou die kar verbrand.

6.2.1 Gee TWEE redes waarom gemeenskappe gepeupelreg (‘mob justice’) verkies. (2)

6.2.2 Bespreek TWEE maniere waarop logiese redenering gebruik kan word om te wys dat gepeupelreg nie die oplossing is nie. (2 × 2) (4)

6.3 Jonathan het onlangs ’n werk gekry. ’n Nuwe maatskappymotor is aan hom gegee.

Noem TWEE veiligheidsmaatreëls wat hy moet volg wanneer hy met die maatskappymotor ry. (2)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

**NTOKOZO MBAMBO**

Dit is geen oordrywing om te sê dat Ntokozo Mbambo, 33, gospelmusiek verander het nie. Hier onthul die ster die struikelblokke wat sy oorkom het om 'n lewe met 'n doel te lei. 'My ouers het my behandel op die manier waarop hulle my in die toekoms gesien het.' Op 15 jaar oud het sy 'n lid van die Joyous Celebration gospelkoor geword. Haar ouers het met haar 'n ooreenkoms aangegaan. Hulle het vir haar gesê sy moet haar hoë punte volhou, anders sal sy nie toegelaat word om in die koor te sing nie.

Toe sy gevra is watter soort ouer sy is, het sy gesê sy is 'n dissiplineerder. Ntokozo het gesê dat sy en haar man besluit het om nie foto's van hulle dogter aanlyn te plaas nie.

'Ná die geboorte van my eerste kind het ek gevoel dat ek uit voeling geraak het met wie ek is. Ek was besig om 'n ma, vrou en kunstenaar te wees en het vergeet wie ek werklik is. Ek het eenvoudig in depressie verval. My man het nie geweet hoe om te help nie. My familie het ook probeer help maar het nie geweet wat om te doen nie.' Toe 'n ma van een, het sy aanvaar dat sy depressie ondervind en het sy besluit om die siekte vas te vat.

[Verwerk uit *True Love*, April 2019]

7.1 Depressie diskrimineer nie; dit val enigiemand aan.

7.1.1 Gee TWEE name vir die soort depressie waaraan Ntokozo gely het nadat sy geboorte gegee het. (2)

7.1.2 Noem VIER simptome van die depressie wat in VRAAG 7.1.1 geïdentifiseer is. (4)

7.1.3 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is vir Ntokozo om te aanvaar dat sy aan depressie ly. (3)

7.1.4 NoemTWEE maniere waarop Ntokozo se man haar kan help om haar depressie te hanteer. (2)

7.2 Ouers moet op sekere standaarde aandring om hulle kinders in staat te stel om hulle doelwitte te bereik.

7.2.1 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is vir ouers om daarop aan te dring dat hulle kinders goed doen op skool. (2)

7.2.2 Noem TWEE dinge wat ouers van hulle kinders moet vereis. (2)

7.2.3 Noem DRIE strategieë vir ouers om te gebruik as hulle kinders op skool druip. (3)

7.3 Ntokozo sê sy is 'n dissiplineerder.

Stel TWEE gepaste maniere voor waarop ouers hulle kinders kan dissiplineer. (2)

**[20]**

**VRAAG 8**

Lees die volgende rap en beantwoord die vrae.

**Skop vas, moenie opgee nie**

As die lewe moeilik raak,
skop vas, moenie opgee nie
As jy van jou vakke dop
skop vas, moenie opgee nie

Werksmark is mededingend
skop vas, moenie opgee nie
Onderhoude is uitdagend
skop vas, moenie opgee nie

Om met MIV te leef kan uitdagend wees
skop vas, moenie opgee nie

Werksomgewing is vol stressors
Skop vas, moenie opgee nie

8.1 Om doelwitte vir lewenslange leer te stel, is belangrik.

8.1.1 Waarom is dit belangrik om doelwitte vir lewenslange leer te stel? Gee TWEE redes. (2)

8.1.2 Identifiseer TWEE strategieë wat jou kan help om aan te hou probeer om jou doelwitte rondom lewenslange leer te bereik. (2)

8.1.3 Wat moet jy doen as jy vakke druip? Gee TWEE voorstelle. (2)

8.2 'n Goeie werksonderhoud kan tot 'n pos lei.

8.2.1 Gee TWEE redes waarom sommige kandidate onderhoude uitdagend vind. (2)

8.2.2 Verduidelik waarom die voorbereiding van 'n goeie CV 'n noodsaaklike deel van die werksaansoekproses is. (2)

8.2.3 'n Vriend het na baie werksonderhoude gegaan maar nie 'n werk gekry nie. Gee vir jou vriend TWEE stukke raad oor hoe om gemotiveerd te bly om 'n werk te kry. (2)

8.3 Beskryf TWEE maniere om 'n vriend wat met MIV leef, aan te moedig om ARV's te neem soos nodig. (2)

8.4 Verduidelik hoe jy in die werkplek diskriminasie teen mense wat met MIV leef, sal teenstaan. (2)

8.5 Identifiseer TWEE stressors wat spesifiek werknemers wat met MIV leef, kan affekteer. (2)

8.6 Skep 'n kragtige slagspreuk of gesegde om die jeug aan te moedig om nooit moed op te gee nie. (2)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

## VRAAG 9

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

**Monica**

In die middel van 'n onderhoud, lui haar selfoon. Sy antwoord dit en gaan voort met die onderhoud. Voor die onderhoud het Monica koffie op haar geel pak gemors.

**John**

Tydens die onderhoud val hy herhaaldelik die onderhoudvoerders in die rede. Toe hy gevra is waarom hy sy huidige werk wil verlaat, sê John: 'My huidige bestuurder is jaloers op my kwalifikasies en al die lede van die span haat my.'

9.1 Die manier waarop hulle vrae beantwoord, help kandidate om 'n pos te kry.

9.1.1 Beskryf DRIE voorbeelde van ongewenste gedrag wat kandidate nie in die onderhoudlokaal moet vertoon nie. Moenie die gedrag noem wat in die scenario hier bo beskryf is nie. (3)

9.1.2 Verduidelik waarom die feit dat haar selfoon tydens die onderhoud gelui het, moontlik kan keer dat Monica die werk kry. (2)

9.1.3 Beveel EEN geskikte manier aan waarop Monica die situasie kon hanteer het toe haar selfoon tydens die onderhoud gelui het. (2)

9.2 Gee vir Monica TWEE stukke raad oor klere wat sy nie vir 'n onderhoud moet dra nie. (2)

9.3 Die toepassing van logiese redenering is belangrik wanneer 'n mens vrae tydens 'n onderhoud beantwoord.

Pas logiese redenering toe om TWEE sinne te skryf wat wys hoe John die vraag moet beantwoord oor waarom hy sy huidige pos wil verlaat. (2)

9.4 Dit wil voorkom asof John slegte stres ervaar het.

Beskryf TWEE maniere waarop kandidate dit kan regkry om kalm te bly tydens 'n onderhoud. (2)

9.5 Beskryf DRIE stappe wat gedoen kan word wanneer werkgewers nie dienskontrakte nakom nie. (3)

9.6 Help Monica en John om te besin oor wat hulle uit hulle gedrag tydens hulle onderhoude moes leer. Skryf TWEE nadenkende sinne vir Monica en TWEE vir John. (2 + 2) (4)

**[20]**

**VRAAG 10**

Bestudeer die verklaring hier onder en beantwoord die vrae.

**Vakbonde spook om poste te red te midde van die Covid-19-uitbraak in SA**

Werkersdag is gedenk te midde van die Covid-19-uitbraak wat miljoene poste in gevaar stel en met ’n ekonomiese depressie dreig. Vakbonde en arbeidsfederasies sê hulle is betrokke by besprekings met die regering en ander belanghebbendes om poste te red.

Volgens die ramings deur die Nasionale Tesourie kan Suid-Afrika tot 7 miljoen poste verloor, en werkloosheid kan skerp styg van 29.1% tot 50%.

*[Bron: Verwerk uit https://www.iol.co.za/sundayindependent/news/labour-unions-scramble-to-save-jobs-amid-the-covid-19-outbreak-in-sa-47491247]*

10.1 Stel VIER dinge voor wat bogenoemde vakbonde kan doen om poste te red te midde van die Covid-19-uitbraak. (4)

10.2 Bespreek VIER voordele daarvan om ’n lid van ’n vakbond te wees. (4)

10.3 Beveel VIER maniere aan waarop werknemers uitdiensstelling kan hanteer. (4)

10.4 Me. Baloyi is van haar werk afgedank. Sy het vir 10 jaar by die maatskappy gewerk.

Die eienaar van die maatskappy het gesê dat hy haar as gevolg van die inperking nie meer in diens kan hou nie. Sy is slegs een dag kennis gegee.

Die eienaar het gesê dat hy as gevolg van die inperking nie vir haar ’n diensbeëindigingsloon kan gee nie. Hy het gesê hy kan nie eens haar salaris vir die maand betaal nie. Sy is ook nie betaal vir die verlofdae wat nog aan haar verskuldig is nie.

10.4.1 Identifiseer VIER maniere waarop die eienaar van die maatskappy kontrakbreuk gepleeg het. (4)

10.4.2 Aan watter instelling moet Me. Baloyi kwessies rondom haar onbetaalde salaris rapporteer? (2)

10.4.3 Evalueer watter metode van geskilbeslegting die beste vir Me. Baloyi sal werk. Gee ’n rede vir jou keuse. (1 + 2) (3)

10.4.4 Skryf ’n paragraaf van ten minste VIER sinne om te verduidelik hoe die KVBA Me. Baloyi kan bystaan. (4)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 45**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou